Oordenking
19 Januarie 2017

Geloof en geloofwaardigheid.

Vertrou jy die Here volkome? Vertrou jy Hom soveel dat jy jou lewe op jou geloof in Hom baseer? Wanneer Jesus Christus terugkom sal dit 'n wonderlike stuk genade wees om te hoor: "Goeie en getroue dienskneg!"

God is altyd getrou en ons moet leer om Hom en sy Woord onvoorwaardelik te vertrou. Miskien is ons soms ongeloofwaardig, omdat ons te min verstaan van die absolute integriteit van God se beloftes en dat dit sy karakter is om nooit enige iets anders as geloofwaardig te wees nie.

Spreuke 20: 6 sê: "*Baie mense roem hulle eie welwillendheid, maar wie vind 'n betroubare mens?*"

Paulus se lys van skandelike optrede en houdings in 2 Timoteus 3:1 is ontstellend, veral as ons daaraan dink dat hy na kerkmense hier verwys: "*Die mense sal liefhebbers van hulleself wees, geldgieriges, grootpraters, trotsaards, lasteraars, ongehoorsaam aan hulle ouers, ondankbaar, onheilig, sonder natuurlike liefde, onversoenlik, kwaadsprekers, bandeloos, wreed, sonder liefde vir die goeie, verraaiers, roekeloos, verwaand, meer liefhebbers van genot as liefhebbers van God.*"
Die gevolg van sulke goddelose gedrag op die gemeenskap en die kerk se vermoë om die werk van die Here te doen, is katastrofies, omdat dit die Woord van God ongeloofwaardig maak.

Elke betekenisvolle verhouding is gebou op die fondament van geloof en betroubaarheid, met ander woorde om te vertrou en om betroubaar te wees.

2 Timoteus 1: 13 – 14: "*Hou as voorbeeld van gesonde woorde dié wat jy van my gehoor het, in die geloof en liefde wat in Christus Jesus is. Bewaar jou goeie pand deur die Heilige Gees wat in ons woon.*"
Om die goeie in ons te bewaar moet die Gees van God in ons woon. En die vrug van die Gees is volgens Paulus: "*liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.*" (Galasiërs 5:22-23)